# KANNIBALISME

**Karin Coetsee**

Van al die menslike gebruike of gewoontes wat deur die eeue bestaan het, is kannibalisme seker die gruwelikste, maar tog ook een van die oudstes.

Suid-Afrika het hierdie gebruik ook nie vrygespring nie. Uit opgrawings wat gedoen is, het dit geblyk dat kannibalisme reeds tydens die Steentydperk bestaan het. Volgens oorleweringe van swartmense aan sendelinge en reisigers, het dit aan die begin van die 19de eeu weer onder die Sotho voorgekom.

Kannibalisme soos dit voorgekom het gedurende die chaotiese tydperk van die *Difaqane* (uitdelgingsoorloë 1822), kan amper beskryf word as 'n geestelike afwyking gebore uit onhoudbare honger. Die mens was net bewus van sy eie lyding en ellende terwyl hy blind was vir die afgryslikheid van sy dade. Honger was die heerser van die land, 'n gedugte heerser wat sy eie wette verby alle perke van menslikheid en redelikheid gemaak het. Om die woorde van Moroka, opperhoof van die Barolong, aan te haal: "... a hungry man does not know what he might do. He might eat his own grandfather." 'n Jong seun wat in daardie tyd 'n kannibaal geword het om aan die lewe te bly, het jare later vertel: "We catch a lad or a lass, we don't know, we just cut him up and put him in the pot, and think he is a buck."

Die kannibalistiese groepe wat begin ontstaan het, het elk 'n eie leier gehad en die grotte van die Malutis, Viervoetberg, Mensvretersberg en selfs die Korannaberg het hul wonings geword. Sommige groepe het 'n swerwersbestaan gevoer, terwyl groot statte by Mautse, Leribe en in die Caledon-vallei verrys het. Geen plek was meer veilig nie en menige reisigers en vlugtelinge het in die strikke van hierdie mensejagters beland.

In 1868 het kol. J.H. Bowker, die Britse hoë kommissaris in Lesotho, die grotte in die omgewing van Teyateyaneng gaan besoek. Sy gids was in een van die grotte gebore en het sy kinderdae as kannibaal daar deurgebring. Omdat hy geen ander lewe geken het nie, het hy sonder om te skroom vrylik daaroor gepraat.



*'n Marimo kannibaal van Leribe soos geskets deur Arbousset en Daumas.*

Sy pa was Rankotseng, leier van die groep wat vroeër die grotte bewoon het. Tydens een van die vele "jagtogte" is drie jong meisies gevang en na die grot gebring. Die jong gids se moeder was besonder mooi en Rankotseng het haar as vrou geneem. Nodeloos om te sê, die ander twee meisies het as voorraad in die "spens" beland.

Die grond in en om die grot was besaai met mensbeendere, terwyl die dak swart was van die roet van jare se vuurmaak. Die gids het 'n rotslys, wat 'n natuurlike rak vorm, uitgewys as die plek waar bewerkte vleis gebêre is. Diep agter in die grot was 'n donker inham waar die gevangenes soms lewend aangehou is. Dit was egter net gedurende die somermaande nodig om te voorkom dat die vleis bederf en sodoende vermors word. Ontsnapping uit die grot was onmoontlik, daarvoor is deeglik gesorg. Niemand sou immers ver kon kom met 'n gebreekte been nie...

Die gevangenes is gewoonlik lewend na die grot gebring en daar met 'n riem verwurg. Soms is die nek doodeenvoudig gebreek. Nadat die liggaam koud geword het, is dit afgeslag, verdeel en gekook.

Die "jagters" het ook graag warm bloed gedrink, veral na 'n suksesvolle "jagtog". Vir hierdie doel is een van die slagoffers se vingers afgekap en so 'n persoon het hom dan gewoonlik doodgebloei.

Tog eienaardig dat wanneer sulke mense hulself eers aan kannibalisme oorgegee het, alles verdwyn wat hulle verhewe maak bo die dier. So is vrouens en kinders in skaars tye uitgeruil vir dié van bure en geeët.

Naby die huidige Golden Gate het kannibale onder leiding van Lesoana gewoon. Die poort by Naauwpoortsnek was die ingang tot sy vesting, maar ook die lokval vir menige vlugtelinge. 'n Ou vrou, wat later op Clarens gewoon het, het vertel dat sy ook destyds gevang is, maar omdat sy so maer was en geweier het om te eet, is sy as kok aangestel om te sorg vir die vetmaak van die slagoffers wat Lesoana in "vetmaakhokke" aangehou het.

Ongelukkig het 'n praktyk wat uit nood gebore is, later by sommige groepe 'n selfgekose lewenswyse geword. Ten spyte daarvan dat daar weer gesaaides, vee en wild was om van te leef, is hulle deur hul voorliefde vir mensvleis voortgedryf. Voorkeur is aan kinders bo volwassenes gegee en sekere dele van die liggaam is selfs bo ander verkies.

Die Marimos, 'n splintergroep van die Bafokeng, het hulle hieraan skuldig gemaak. Nadat hulle in die berge rondgeswerf het, het hulle hul later by Leribe gevestig. Die inwonertal van hierdie stat was aansienlik en so ook die skrikbewind wat onder mense in die omtrek gevoer is. Die Marimos het hulle in hul eie wreedheid begin verlustig. So is slagoffers se hande en voete afgeskeur en van die kopbene drinkbekers gemaak. Die blaas is met wind gevul en as 'n trofee aan hul hooftooisels gedra.

Moshesh, die stigter en leier van die Sotho-volk en 'n groot staatsman van sy tyd, het in 'n mate 'n einde aan hierdie wanpraktyk probeer maak. Sy eie grootvader Peete het in die hande van kannibale geval, maar nogtans het Moshesh nie met geweld teenoor hulle opgetree nie. Hy het geglo dat as dit weer met sy mense goed gaan, die gewoonte vanself sou uitsterf, omdat dit in die eerste plek uit nood ontstaan het en nie eie aan sy volk was nie. Hy was gelukkig reg, soos later jare bewys het. Sy raadsmanne het egter anders oor die saak gevoel en geëis dat die oortreders dadelik uitgeroei moes word. Moshesh het besef dat dit 'n burgeroorlog tot gevolg sou hê en het met groot diplomasie sy raadsmanne tot ander insigte gebring. "Kannibale is tog lewende grafte", het hy gesê. "Wie kan teen grafte oorlog voer?" En die waardige ou grysaards het saamgestem. "Jy moet die grafte van jou voorvaders respekteer!"


**BIBLIOGRAFIE**

ARBOUSSET, T & DAUMAS, F. 1846. *Narrative of an Exploratory Tour to the Cape of Good Hope.* Cape Town. C Struik

BOWKER J H *et al* 1869. The Cave Cannibals of South Africa *Anthropological Review* **7** 121-128

BRYANT, A T 1923 The Man-eaters of Bantuland, and Elsewhere *The South African Quaterly* **5**(1) 12-17

CASALIS, E 1861 *The Basutos* London James Nisbet

ELLENBERGER D F 1912 *History of the Basuto Ancient and Modern* London Caxton

TROLLOPE, A 1973 *South Africa* Cape Town Balkema

WIDDICOMBE, J 1891 *Fourteen years in Basutoland* London, The Church Printing Company


# THE ART OF TAXIDERMY



*A Cape mountain zebra (Kaapse bergkwagga) foal mounted in a life-like position by taxidermist Van Rooyen Strydom.*